



eduresourceza.com

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 12

VRAESTEL 2

MEMORANDUM

Eksaminator	Curro-groep en H.Botes	Datum	14 Junie 2023
Moderator	A. Nel	Tyd	1½ uur
		Totaal	60 punte

LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR:

- Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye. Maak seker dat jou vraestel volledig is.
- Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae

VRAAG 1: KORTVRAE (15)

VRAAG 2: PARAGRAAF (10)

VRAAG 3: DIALOOG (10)

VRAAG 4: OPSTELVRAAG (25)
- Beantwoord al die vrae.
- Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
- Laat 'n reël oop na elke vraag.
- Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
- Nommer jou antwoorde soos op die vraestel.
- Alle vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
- Maak seker dat jou selfoon afgeskakel is. Plaas dit in jou tas of op die onderwyser se tafel.

Donker Web – Fanie Viljoen

VRAAG 1 ‘N NUWE BEGIN EN SOEKTOG

My klasse begin die Maandag na die O-week.

Donker Web Bl. 40

1.1 **Wat studeer** Greg by die Universiteit van Stellenbosch? (1)

Sportwetenskap B1

1.2 Is sy pa gelukkig met hierdie studierigting? **Motiveer** jou antwoord. (1)

Nee, Greg se pa wil hê hy moet in sy voetspore volg / hy moet besigheid studeer. B2

1.3 Watter **ander karakter** in die boek is nie tevrede met Greg se studierigting nie?

Dok Pienaar/Thomas Lawson B1 (1)

“Greg?” vra die man wat voor my in die huis se deur staan. Hy het net ‘n slaapbroek aan. Stomgeslaan kyk ek hom aan. Hy hou die deur oop sodat ek kan inkom. Hy is seker my pa se ouderdom.

“En die slaapbroek?” Kaal voete, kaal bolyf?”

“Wie is jy?” vra ek met ‘n sweem van ongeskiktheid.

Donker Web Bl. 58

1.4 **Wanneer** het Greg se ma vir André Symington ontmoet? (1)

Baie lank gelede. B3

1.5 Wat is André se beroep? (1)

Chemiese ingenieur B1

Uiteindelik sien ek my bestemming voor my: die Kgosi Mampuru II-gevangenis. Waar my pa en Dok is. In die onderwêreld van die nommerbendes. Die gevreesde C-Max. My pa is ‘n A-gevangene wat in totaal net twee ure per maand besoek mag kry, ‘n halfuur op ‘n slag.

Donker Web Bl 60

1.6 Hoekom is Greg se pa in die tronk? (1)

**Hy is skuldig bevind aan terrorisme en moord deur sy betrokkenheid by Project 1Nursery Rhyme /
Hy het mense probeer vergiftig met ‘n virus deur Project Nursery Rhyme.
(Soortgelyk) B2**

1.7 Wat neem Greg vir sy pa tronk toe wat vir ons bewys dat hy nog steeds vir sy pa omgee? (1)

McDonalds / hamburger B3

- 1.8 Wat is **ironies** aan Greg se pa se woorde: “Jy’t ons familie se goeie naam deur die modder gesleep.” (1)

Dit is eintlik Greg se pa wat hulle naam deur die modder gesleep het deur sy betrokkenheid by Project Nursery Rhyme, nie Greg nie. B5

’n Entjie verder sien ek ’n klompie mense by die Eersterivier-brug saambondel. Hulle stemme sweef na my toe aan. “Is hy dood?” “Het iemand die polisie gebel?”

Donker Web Bl. 89

- 1.9 **Wie** is die man wat dood onder die brug gevind word en hoe weet Greg dat dit hy is? (2)

Tom □ Hy het dieselfde t-hemp met die logo van Anonymous Hactivist aan / hy het dieselfde t-hemp aan wat hy die vorige dag aangehad het. □ B4

- 1.10 Dain vertel vir Greg dat die jongman se tong uitgesny is.
Watter boodskap dink jy probeer iemand daardeur vir Greg stuur? (1)

Greg moenie uitpraat nie. B4

- 1.11 Watter tweede **waarskuwing** kry Greg voor die magistraatsgebou in Markstraat? (1)

’n Persoon waarsku Greg dat sy pa nie veilig in die tronk is nie. Hulle het kontakte oral / Greg moet ophou om vrae oor die Baker te vra. B3

Laataand kom daar ’n email deur op my selfoon. Kry Telegram-app. Ons moet chat. Jy ken my username.

‘Het jy die vid op my SFTP server gelaai?’

Die video van Tom?’

Nee. ’n Ander vid.’

Ek het net die video op jou blog gesit. Jy’t dit gesien?

Ja. Maar daar is nog ’n vid. Op my SFTP server.

Ek weet nie waarvan jy praat nie.’

Donker Web Bl.109

- 1.12 Watter **insident** was op die video wat Xander op sy server gekry het? (1)

Sy pa se moord / teregstelling B1

- 1.13 Watter karakter kan Greg op die video indentifiseer? (1)

Dok Pienaar B1

- 1.14 Watter belangrike **inligting** kry Greg oor sy pa wanneer hy na die video kyk? (1)

Sy pa het die waarheid gepraat toe hy gesê hy hy was nie betrokke by Xander se pa se dood nie. B4 [15]

VRAAG 2

GREG SE VRIENDE

- 2.1 Greg het in die afgelope twee jaar besef wie sy ware vriende is en wie nie. Skryf 'n paragraaf van **80-120 woorde** oor die "vriende" in Greg se lewe. In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- Wat het **TJ** gedoen wat Greg laat besef het hy is nie 'n ware vriend nie? (1)
TJ het Greg by die polisie aangegee oor sy hacking. B3
- Wie het **hoofseun** van Lawson College geword nadat Greg uit die skool is? (1)
Kwanele het hoofseun geword nadat Greg uit die skool is. B1
- Greg en **Eckardt** se vriendskap in Lawson College was gebaseer op **leuens**. (1)
Verduidelik hierdie stelling.
Xander/Eckardt het hom voorgedoen as iemand anders. Xander het oor alles gejoj wat hy vir Greg gesê het. B4
- Waarom het Eckardt **aanvanklik** vriende gemaak met Greg? (1)
Hy het 'n social engineering aanval teen sy familie uitgevoer / Hy wou nader aan Greg kom om hom later te vernietig / Hy wou wraak neem teen Greg en sy familie a.g.v. sy pa se dood. (lets soortgelyks) B2
- Dink jy **Ayla** was 'n ware vriendin vir Greg? Motiveer jou antwoord. (1)
Nee, sy het altyd Xander se kant gevat. OF
Ja, sy was nooit negatief teenoor Greg nie en het vir Greg dinge oor Xander vertel. B5
- Hoekom dink jy wou Greg nooit saam met **Chloë** en haar vriendinne uitgaan nie? (1)
Hy het nie tuis gevoel tussen hulle nie / hy kon nie meer soos studente ligsinnig wees nie / dit was nie meer vir hom lekker om so sorgvry te wees nie (Enigiets soortgelyk) B5
- Hoekom het oom Dirk vir Greg verbied om naby sy dogter, Lisa, te kom?
Hy het Greg herken en geweet dit was sy pa wat betrokke was by Project Nursery Rhyme wat mense vergiftig het. B2 (1)
- Verduidelik hoe Greg vir **Plank** in die rug gestee het. (1)
Greg het vir Plank in Istanboel gelos / Greg het Xander bo Plank gekies. B4

- Gee 'n voorbeeld waar **Plank** 'n ware vriend vir Greg was. (1)
Hy was nie kwaad vir Greg omdat hy hom in Istanboel gelos het nie / Hy is altyd eerlik met Greg / Hy was steed vriende met Greg nadat hy uit die skool geskors is. (lets soortgelyk). B5
- Waaroor het **Plank** gedroom saam met Greg? (1)
Om eendag stoute kinders te hê wat met mekaar gaan speel. (Soortgelyk) B3

[10]

VRAAG 3 DIALOOG


Greg en die Baker ontmoet vir die laaste keer in die Koninklike Tuine in Venesië.

Voltooi die volgende dialoog tussen **Greg** en die **Baker**. Skryf SLEGS die **vraagnommer en die karakter se woorde op jou antwoordstel** neer. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

- 3.1 Baker: Weet jy ooit wat my regte naam is, Greg Owen?
Greg: Ja, jou naam is **Sebastiaan Stadler** (1)
- 3.2 Baker: Kan jy onthou waar ons die **eerste keer** ontmoet het?
Greg: Ja, dit was by 3.2.1 **Thomas Lawson se partytjie** in 3.2.2 **Clifton** (plek). (2)
- 3.3 Baker: Ek het jou vertel van my kinderjare op 3.3.1 **Uitschotkraal** (plaas se naam). (1)
Greg: Jou stokperdjie was om 3.3.2 **diere te vergiftig (en op te stop) en (in jou kamer te sit)** (1)
- 3.4 Baker: En onthou jy toe ons die **tweede keer** ontmoet het?
Greg: Dit was by die 3.4.1 **Dawid-beeld / Academia / kunsgalery** in 3.4.2 **Florence** (stad). (2)
- 3.5 Baker: Jy het my nie herken nie, het jy?
Greg: Nee, maar ek weet nou dat dit jy was, want **jy het dieselfde sambreel met die gargoylkop by jou gehad.** (1)
- 3.6 Baker: Jy het vroeër my vrou ook ontmoet nie waar nie?
Greg: Ja, haar naam is **Valkyrie** (1)
- 3.7 Baker: Het jy geweet dat sy jou gereeld dophou?
Greg: Ek het dit agtergekom ja, want ek het haar in/by **die hof / Vensters / Stellenbosch** gesien. **Enige een.** (1)

VRAAG 4 GREG NEEM AFSKEID VAN SY GELIEFDES**Opdrag:**

Skryf 'n opstel van tussen **250 en 400 woorde** oor die **Greg se afskeid** (*farewell*) van sy geliefdes in die verhaal.

Inleiding**4.1 Greg se ma**

Wanneer neem Greg die eerste keer afskeid van sy ma? (1)

Greg neem die eerste keer afskeid van sy ma toe hy Stellenbosch toe is. 1/1

Wanneer neem hy later oor die foon afskeid van sy ma? (1)

Toe hy op pad was Istanboel toe / op die lughawe 1/2

Wie neem ook by hierdie geleentheid afskeid van mekaar? (1)

Plank en Lisa 1/3

Dirk Schutte sê vir Greg se ma sy kan hom bel as sy moeilikheid het. Wanneer, en hoekom bel sy hom later? (2)

Sy was bekommerd oor hom 1/5 toe Plank vir Lisa gebel het uit Istanboel. 1/4 / Sy pa is in ICU. B3

Wat bedoel Greg se ma met hierdie afskeidswoorde aan Greg: "Almal vir wie ek lief is, word van my af weggeneem."? (1)

John is dood, haar man is in die tronk en nou gaan Greg universiteit toe. 1/6

4.2 Greg se pa

Greg besoek sy pa twee keer in die tronk. Tydens watter langnaweek vind die eerste besoek plaas? (1)

Paasnaweek B1

Verduidelik die ironie in Greg se pa se woorde: "...die vieslikste gespuis van die mensdom onder een verdomde dak." (1)

Greg se pa is deel van die gespuis. B5

Tydens Greg se tweede besoek sê sy pa hy wil Greg van sy las verlos. Wat vra hy vir Greg? (1)

Dat Greg hom nie weer moet besoek nie. B3

Hoe sal jy Greg en sy pa se verhouding beskryf? Sê ook hoekom jy so dink. (1)

4.3 Greg se broer

Wat het Greg en John gereeld saam gedoen toe John nog gelee
het? 3/1 (1)

Bungee jumping / river rafting / rotsklim / adrenalien sport. B1

Wat het Greg se pa net na John se dood vir hom gesê wat Greg
baie seergemaak het? 3/2 (1)

“Dit kon eerder jy gewees het” Of soortgelyk. B2

Watter rol het PlusUltraMed in John se dood gespeel? 3/3 (1)

John het pille gedrink wat PlusUltraMed gemaak het. B4

Die meksikane glo dat 'n mens drie dode sterf. Hoeveel dode het
John reeds gesterf? 3/4 (1)

4.4 Plank

In watter stad was Greg en Plank vir die laaste keer saam? (1)

Venesië B1 4/1

Verduidelik kortliks hoe Plank dood is. (1)

Valkyrie / haar lyfwagte het hom geskiet. B1 4/2

Hoekom, dink Greg, het Plank nie verdien wat hy gekry het nie?

**Hy was nie deel van die soektog na die Baker nie – hy was net
toevallig daar / hy was onskuldig. B4 4/3 (1)**

Wat is jou opinie oor die feit dat Plank dood is aan die einde van

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die
konvensies van 'n opstel voldoen. (5)

[25]
GROOTTOTAAL: [60]